Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 9: Vayeshev (בשיו) – En Hy Het Gewoon

Ya'akov het gebly in die land waar sy vader 'n besoeker was, in die land Kena'an. Gen. 37:1[1]

Torah : Gen. 37:1 tot 40:23

Haftorah: Amos 2:6-3:8.

Nuwe Verbond: Hand. 7:9 tot 16; Matt. 22:37 tot 40; Joh. 13:34

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 9 wat afgelaai kan word by: Parashah9Notas14; Parashah9Notas15 en Parashah9Notas.16.

*Seek joy in what you give, not in what you g*et – Kalman Packouz.

Prosperity cannot be proof of God's favour, for it is what the devil promises to those who worship him – John Piper.

People tell me judge not lest ye be judged. I always tell them, twist not scripture lest ye be like Satan – Paul Washer.

The true convert does not receive the gospel as an addition to his previous life, but in exchange for it – Paul Washer.

Abundance is not determined by how much you have, it comes from how much you appreciate what you have – Fabienne Fredrickson.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

The early church was married to poverty, prisons and persecutions. Today, the church is married to prosperity, personality, and popularity – Leonard Ravenhill.

Torah Bespreking

Hersiening

Tot op hede was die fokus van Torahstudie hoofsaaklik op die individuele lewe van ons voorvaders, naamlik van Adam, Noag, Abraham, Isak en Jakob. Dit is veral die lewe van Abraham wat ‘n sleutelrol gespeel het in YHVH se Raadsplan om alles uiteindelik te herstel soos dit aan die begin voor die sondeval was. Abraham is ons vader van vertroue in die belofte van Yeshua as Die Gesalfde Een tot redding en van gehoorsaamheid aan YHVH se Torah tot seëninge!

Hierdie week verskuif die fokus egter na die leiers van die twaalf stamme, naamlik die seuns van Jakob, en die begin van die volk Israel wat uiteindelik YHVH se koninklike priesterdom sal word!! Ook in die verband speel Josef ‘n sleutelrol as heenwysing na Yeshua om elkeen te voed wat vasgevang is in ‘n geestelike hongersnood!

Wanneer ons Torah bestudeer besef ons ook dat die manne en vroue wat YHVH gekies het in Sy plan vir die vestiging van ‘n uitverkore volk en koninklike priesterdom almal mense net soos ons is. In die Afgesonderde Skrifte word hierdie manne en vroue se swakhede en verkeerde keuses nie verbloem nie. Dikwels kan ons met sommige van hierdie swakhede en verkeerde keuses identifiseer, want ons ondervind dit in ons eie lewens. Maar ons leer ook dat ten spyte hiervan sal YHVH se volmaakte wil steeds geskied. Dit behoort vir ons elkeen as bemoediging te dien om te volhard ten spyte van teenspoed en mislukkings.

Dit moet ons herinner aan Yeshua se belofte in Joh. 14:23.

Yeshua antwoord en sê vir hom: “As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak.

Die belofte is dat YHVH Yeshua by ons Sy blyblek sal maak (woning sal maak) daar waar ons is. In voorspoed en teenspoed is die Vader se woning daar waar ons is, mits ons Hom liefhet en gehoorsaam is!

In hierdie week se Torahskriflesing maak ons nader kennis met Josef wat, ten spyte van teenspoed, geleef het op ‘n wyse dat almal kon sien dat YHVH met hom was!! YHVH het by Josef in Egipte Sy woning gemaak! Wat ‘n getuienis en voorbeeld vir ons!!

Voorspoed Te Midde Van Teenspoed

Josef se lewe was sodanig dat selfs die ongelowiges, die wat nie YHVH geken het en geen verhouding met die Allerhoogste gehad het nie, kon sien dat YHVH met Josef was. Selfs Potifar se huishouding was geseën terwille van Josef!

2 יהוה *was by Yosef sodat hy ’n voorspoedige man was en hy het in die huis van sy meester, die Mitzrayiet, gebly.* **3** *Toe sy meester sien dat* יהוה *met hom was en dat* יהוה *alles wat hy doen, in sy hand voorspoedig maak,* **4** *het Yosef guns in sy oë gevind en hom gedien. Hy het hom aangestel oor sy hele huis en alles wat in sy besit was, aan sy hand toevertrou.* **5** *Vandat hy hom aangestel het oor sy huis en oor alles wat in sy besit was, het dit gebeur dat* יהוה *die huis van die Mitzrayiet geseën het ter wille van Yosef; die seën van* יהוה *was op alles wat syne was, in die huis en op die veld.* **6** *Hy het alles wat syne was, in Yosef se hand gelos en hy was*

nie bewus van wat hy besit het nie behalwe net van die brood wat hy geëet het. Yosef het 'n mooi figuur gehad en was aantreklik om na te kyk. Gen. 39:2 tot 6.

Stéfanus het in sy laaste toespraak voor hy gestenig is dit soos volg gestel:

Hulle, ons vaders, was jaloers op Yosef en het hom na Mitzrayim toe verkoop, maar God was met hom en het hom uit al sy moeilikhede verlos en hom onverdiende guns en wysheid gegee voor Farao, die koning van Mitzrayim en dié het hom aangestel as hoof administrateur oor Mitzrayim en oor sy hele huis. Hand. 7:9 en 10.

Volgens die hedendaagse Christenleerstelling van voorspoed het Josef as jongman nie voorspoed geken nie, want hy is deur sy afgunstige broers aan Medianitiese handelaars verkoop en hy het in 'n vreemde land in die huis van Potifar beland. En tog lees ons dat in die huis van Potifar was YHVH met Josef sodat hy 'n voorspoedige man was tot so 'n mate dat Potifar hom as hoof van sy huishouding en oor alles wat hy besit, aangestel het (Gen. 39:2 tot 4). Op onregverdige wyse is Josef egter deur Potifar se vrou valslik beskuldig dat hy teen haar sin met haar gemeenskap gehad het (Gen. 39:14). Weens valse beskuldigings het Josef toe in die gevangenis beland, maar ons lees:

יהוה was egter by Yosef en Hy het met omgee na hom toe afgebuk en hom guns gegee in die oë van die bevelvoerder van die tronk. Die bevelvoerder van die tronk het almal wat in die gevangenis opgesluit was, in Yosef se hand oorgegee en alles wat hulle daar gedoen het, was sy werk. Die bevelvoerder van die tronk het gladnie toesig gehou oor iets wat aan hom toevertrou is nie, omdat יהוה met hom was en wat hy ook al doen, het יהוה voorspoedig gemaak. Gen. 39:21 tot 23.

Josef was te alle tye, en te midde van alle omstandighede, altyd 'n man wat in vertroue en gehoorsaamheid aan sy Skepper-God gelewe het. Hy het geweet dat alles uiteindelik ten goede sal wees, omdat hy YHVH liefhet!

Ons weet dat, vir hulle wat God liefhet, Hy hulle in alles help tot die goeie, vir hulle wat Hy opsy gesit het om geroep te word. Rom. 8:28

Ons kan aanvaar dat Josef aanvanklik in die huishouding van Potifar slegs toevertrou is met die geringste van take. Maar Josef was 'n man van goeie werke en integriteit en hy het alles, ja, selfs die geringste en onaangenaamste taak, sonder murmurering of teëspraak gedoen asof dit wat hy doen tot eer van YHVH was (1 Kor. 10:31; Fil. 2:14)!

Because of Joseph's steadfast confidence in God, he possessed an undying optimism that transformed even the low estate of slavery into success. Joseph did not let his circumstances dictate his life – FFOZ, Vayeshev, 2016.

Dit herinner ons aan die volgende woorde van Yeshua:

Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik. Matt. 5:16.

Hy wat vertrouenswaardig is met min, is ook met baie vertrouenswaardig en hy wat boos doen met min, doen ook boos met baie. Luk 16:10.

Ons lees nêrens dat Josef sy lot by YHVH bekla het of 'geestelike oorlogvoering' gedoen het nie! Nee, want hy het vertrou dat hierdie gebeure wat volgens wêreldse standaard teenspoed is, deel van YHVH se plan was!

In "Matthew Henry's Commentary on the Whole Bible" verduidelik hy hierdie geskiedenis van Josef soos volg:

> *Those that have wisdom and grace have that which cannot be taken away from them, whatever else they are robbed of. Joseph's brethren had stripped him of his coat of many colours, but they could not strip him of his virtue and prudence.*
>
> *Those that can separate us from all our friends and yet cannot deprive us of the gracious presence of our God. When Joseph had none of all his relations with him, he had his God with him, even in the house of the Egyptian. Joseph was separated from his brethren, but not from his God; banished from his father's house, but the Lord was with him, and this comforted him.*
>
> *It is God's presence with us that makes all we do prosperous. Those that would prosper must therefore make God their friend; and those that do prosper must therefore give God the praise.*

Hierdie deel van Josef se geskiedenis leer ons dus om opnuut te besin oor ons definisie van voorspoed. Soos die gesegde lui:

God will supply in our needs, not in our greeds!

Daar is 'n fyn lyn tussen die verwagting van voorspoed en gierigheid (hebsug). In die verband het David Wilkerson 'n groot waarheid gesê:

The greatest deception in the modern church is the matter of using God's Word to put a badge of approval on covetousness.

Paulus het ook aan die opsieners van die gemeente in Efese gesê:

Ek het julle in alles gewys dat ons, deur so te werk, die swakkes moet help en die boodskap van ons Meester Yeshua moet onthou, dat Hy gesê het: 'Sy seën is vir hom wat gee, meer as vir hom wat ontvang'. Hand. 20:35.

Om te gee is beter as om te ontvang! Voorspoed word vooraf gegaan deur die soeke na YHVH se Koninkryk en Sy geregtigheid (Matt. 6:33). Anders gestel: Voorspoed volg op die hakke van vertroue en gehoorsaamheid! Maar wat is YHVH se definisie van voorspoed? Is dit dieselfde as ons definisie en die van die wêreld?

If material things are what you talking about when you say "I an Blessed", you have no idea about blessings – Anonymous.

Het Yeshua materiële seën aan sy dissipels belowe en dit gewaarborg soos wat die hedendaagse predikers van die voorspoedleer verkondig? Indien die voorspoedleer van materiële seën die waarheid is, dan moet ons vra hoekom ons nie lees van die rykdom van die twaalf Apostels of dié van Paulus nie?

Dit is so maklik om te sê: Ek is 'n dissipel van Yeshua! Maar verstaan ons regtig wat is die vereiste om 'n dissipel te wees? Kwalifiseer ons volgens Yeshua se vereistes om 'n dissipel van Hom genoem te word?

Om 'n volwaardige en getroue dissipel (studentevolgeling) van Yeshua te wees, moet elkeen eerstens seker maak van wat dit behels en, tweedens, om in die lig van wat dit behels, bereidwillig te wees om Yeshua tot die einde te volg, selfs in die moeilikste omstandighede!

En ja, selfs om met jou lewe te boet. Yeshua verduidelik hierdie kosteberekening in Luk. 14:25 tot 33:

25 *Baie mense het saam met Hom geloop en Hy het Hom omgedraai en vir hulle gesê:* **26** *"As iemand na My toe kom en hy het nie sy vader, moeder, vrou, kinders, broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe minder lief nie, kan hy nie My studentevolgeling wees nie.* **27** *Elkeen wat nie sy eie kruis dra en agter My aan kom nie, kan nie My studentevolgeling wees nie.* **28***Wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en bereken die koste, of hy in staat is om dit te voltooi nie?* **29** *Indien nie, as hy die fondament gelê het en nie in staat is om dit te voltooi nie, sal almal wat dit sien, met hom begin spot* **30** *en sê: 'Hierdie man het begin bou en kon nie klaarkry nie.'* **31** *Of watter koning wat optrek om teen 'n ander koning langs hom oorlog te maak, gaan nie eers oorweeg of hy in staat is om met tien duisend die een te ontmoet wat met twintig duisend teen hom kom nie?* **32** *Indien nie, stuur hy afgevaardigdes terwyl die ander een nog ver is en vra vir vredesvoorwaardes.* **33** *Net so kan ook niemand van julle, wat nie afsien van al sy besittings, My studentevolgeling wees nie.*

Het jy al hierdie kosteberekening gedoen? Kan jy met oortuiging sê dat jy YHVH Yeshua meer liefhet as jouself en as jou geliefdes? Is jy bereid om af te sien van dit wat vir jou belangrik is en om selfs bereid te wees om van alles wat jy besit af te sien om Yeshua enduit te volg al kos dit jou lewe?

Ons behoort Paulus se lewe as ons verwysingsraamwerk van 'n ware dissipel te gebruik. Hy verduidelik in 2 Kor. 11:24 tot 29 wat hy alles verduur het terwille van Evangelie van Yeshua Messias:

24 *Vyf maal het ek veertig houe op een na van die Jode gekry.* **25** *Drie maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig, drie maal het ek skipbreuk gely, 'n nag en 'n dag het ek sonder 'n skip op die diepsee deurgebring,* **26** *gereeld op reis in gevaar van riviere, in gevaar van rowers, in gevaar van my eie mense, in gevaar van die ander nasies, in gevaar in die stad, in gevaar in die wildernis, in gevaar op see, in gevaar onder vals broers,* **27** *in harde werk en in uitputting, gereeld in slapeloosheid, in honger en dors, dikwels sonder kos, in koue en naaktheid,* **28** *behalwe dit alles en die skares wat om my is, my daaglikse bekommernisse en die omgee vir al die gemeentes.* **29** *Wie ly en ek ly nie ook nie? Vir wie word 'n struikelblok in die pad gesit en ek is nie aan die brand (woedend) nie?*

Is jy en ek bereid om soos 'n Josef en 'n Paulus te wees? Is ons bereid om in vertroue en gehoorsaamheid YHVH ons God en Vader in alle omstandighede te dien?

Ons weet dat materiële voorspoed tydelik van aard is – dit kan in een oomblik van ons weggeneem word. Geestelike voorspoed het egter ewigheidswaarde. Dit is die skatte wat ons bymekaar moet maak en wat mot en roes nie kan verniel nie (Matt. 6:19 to 21).

19 *Moenie vir julle skatte opgaar hier op die aarde, waar motte en roes vernietig en waar diewe inbreek en steel nie,* **20** *maar stoor vir julleself skatte in die hemel, waar mot of roes nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie,* **21** *want waar julle rykdom is, daar sal julle gedagtes, wil en emosie ook wees.*

Maar ons moet ook oor geestelike oorlogvoering opnuut besin! Ons lees nie dat Josef geestelike oorlogvoering gedoen het of dat hy Satan bestraf het as die oorsaak van sy lot nie! Nee, want Josef het voorspoed ervaar te midde van teenspoed. Hy kon berus dat YHVH in beheer was. Hy kon steeds sy vreugde in YHVH vind en in gehoorsaamheid in alles wat YHVH beveel het. Josef was oorvloedig geseën (Joh. 10:10a)! Hy het in elke situasie alles gedoen wat YHVH-God van hom verwag het. Daarom was YHVH met Hom en het aan hom

goedertierenheid (liefdevolle omgee; guns) bewys ten spyte van die omstadighede waarin Josef homself bevind het.

Bepeins of Bespreek

1. Kan jou geliefdes en vriende sien dat YHVH met jou is en dat alles wat jy doen, voer jy voorspoedig uit? Lees Psalm 1 in die verband. Is jy die rede hoekom jou huis en geliefdes geseën word?

2. Bepeins of bespreek Joh. 10:10 in die lig van Josef se lewe. Wat beteken dit dat Yeshua gekom het dat ons lewe en oorvloed kan hê? Wat is dit wat die duiwel steel, slag en moor? Is dit ons ons materiële seëninge en ons geliefdes? Of is dit die waarheid wat hy steel? Wat is die belangrikste: Geestelike of materiële oorvloed? Wat sal jy kies indien jy slegs een van die twee kon kies? Wat is die belangrikste nalatenskap (erfenis) aan jou kinders? 'n Geestelike of materiële nalatenskap? Hoekom?

3. Wat is die verskil, indien enige, tussen geestelike oorlogvoering (*spritual warfare*) en voorbidding (*inetrcession*). Het ons voorvaders voorbidding of geestelike oorlogvoering gedoen? Kan ons Satan en sy magte bind om nooit weer aktief te wees nie of kan ons hulle net uitdrywe ('verjaag'). Baie gebruik Matt. 18:18 as 'bewys' dat ons Satan en sy demone kan bind, maar is dit wat hierdie teksvers ons leer? Verwys ook Matt. 16:19 in die verband. Lees Jak. 4:7 – Wat moet ons doen alvorens ons Satan weerstaan?

Josef 'n Sinnebeeld van Yeshua

Die geskiedenis van Josef bied baie lewenslesse en toepassings, maar dit bevat ook 'n profetiese sinnebeeld (heenwysing, skadubeeld) van Yeshua Die Gesalfde Een. Daarom is daar talle ooreenkomste tussen Josef en Yeshua, soos ondermeer die volgende:

Ooreenkoms	Josef	Yeshua
Beide eersgeborenes.	Sy (Rachel) het hom Yosef genoem.. Gen. 30:24	…en hy (Yosef) het Hom Yeshua genoem. Matt. 1:25
Geliefde van sy vader.	Yisra'el het Yosef meer liefgehad as al sy seuns. Gen. 37:3	"Let op, dit is My Seun, Wie Ek liefhet, in Wie Ek verheug is." Matt. 3:17
Was afgunstig op hom en hom sonder rede gehaat.	…het hulle hom gehaat en kon nie vredevol en vriendelik met hom praat nie. Gen. 37:4	Want Pilatos het geweet dat die leierpriesters Hom uit afguns oorgelewer het. Mark. 15:10.
Is deur sy vader na sy broers gestuur	Gaan asseblief en kyk of dit goed gaan met jou broers. Gen. 37:14	Ek sal my seun stuur vir wie ek lief is. Luk. 20:13
Sal eendag heers	…terwyl julle gerwe reg rondom kom staan en hulle voor my gerf neerbuig. Gen. 37:7	..sal julle die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van Krag… Matt. 26:64
Sy kleed geneem	hulle Yosef se kleed uitgetrek het; die lang kleed met lang moue wat hy aangehad het. Gen. 37:23	…trek Sy klere uit en gooi 'n skarlaken rooi mantel om Hom. Matt. 27:28

Het ‘n dienskneg geword	Yosef is afgebring na Mitzrayim... en hy het in die huis van sy meester, die Mitzrayiet, gebly. Gen. 39:1 en 2	maar Homself gestroop en die gestalte van ’n slaaf aangeneem het. Fil. 2:7
Beide was versoek, maar het nie gesondig nie	hoe kan ek hierdie groot boosheid doen en sondig teen God?” Gen. 39:9.	Een wat in alle opsigte getoets is net soos ons, maar sonder dat Hy sonde het. Heb. 4:15.
Sy eie broers het hom nie herken nie	Yosef het sy broers herken, maar hulle het hom nie herken nie. Gen. 42:7	Hy het na wat Syne is, gekom en Sy eie het Hom nie ontvang nie, Joh. 1:11

So is daar bykans 100 ooreenkomste tussen Josef en Yeshua. Daarom word Yeshua ook genoem “Messiah ben Joseph” – Messias die Seun van Josef! Maar die meerderheid Fariseërs en skrifgeleerdes het Yeshua nie herken as Messias die Seun van Josef nie. Hulle het nie die Een van wie Moses geskryf het herken nie (Joh. 5:46)!

Maar die belangrikste van die geskiedenis van Josef is die feit dat dit ‘n sinnebeeld is van die huis van Juda wat voor die huis van Josef (Efraim) sal buig in erkenning dat Yeshua wel die Messias is wat gekom het om ‘n folterdood te sterf vir die sondes van die hele Israel.

5 *Yosef het ook ’n droom gehad wat hy vir sy broers vertel het en hulle het hom nog meer gehaat.* **6** *Hy het vir hulle gesê: “Luister asseblief na hierdie droom wat ek gehad het.* **7** *Let op, ons was besig om gerwe te bind op die land toe my gerf meteens opstaan en regop bly staan terwyl julle gerwe reg rondom kom staan en hulle voor my gerf neerbuig.”*
8 *Sy broers sê vir hom: “Sal jy miskien koning wees oor ons? Of sal jy miskien oor ons heers?” Hulle het hom nog meer gehaat oor sy drome en oor sy woorde.* Gen. 37:5 tot 8.

Ons weet dat Josef se droom waar geword het en dat Josef se broers (die latere huis van Juda) voor hom in Egipte gebuig het! Hierdie geskiedenis is profeties van toekomstige gebeure wat weer herhaal sal word.

Die geskiedenis van Josef en sy broers is daarom ‘n sinnebeeld dat dit die huis van Juda is wat uiteindelik voor die huis van Josef (Efraim/Israel) sal buig en nie andersom nie. Dit is Juda wat Josef verkoop het en so ook het die huis van Juda vir Yeshua ‘verkoop’. Juda en sy broers het sy vader Jakob se geliefde seun Josef verwerp en so het Rabbynse Judaïsme ook YHVH se geliefde Seun verwerp.

Dit is die huis van Efraim (Josef) wat die huis van Juda ten opsigte van Yeshua Messias en eindtydprofesie moet leer! Dit was Josef wat die waarheid aan sy broers openbaar het!

Josef is ‘n sinnebeeld van Yeshua en daarom sal die huis van Juda in die einde van dae voor die Koning van alle konings buig in erkenning dat Yeshua die Messias is wat hulle voorgeslagte verwerp het!

Op Sy klere, oor Sy heup, is die Naam geskryf: die Koning van die konings en die Meester van die meesters. Open. 19:16.

Josef se broers het hom aanvanklik nie herken nie, want hy het anders gelyk en het ‘n ander naam gehad. In Gen. 41:45 lees ons – *Farao het Yosef Tzafnat-Pa’neag genoem*. Selfs hierdie Egiptiese naam is ‘n heenwysing na Yeshua, want die naam volgens Brown-Driver-Briggs se Hebrew Definitions (H6847) beteken: “treasury of the glorious rest” (skatkamer van

glorieryke rus). Yeshua is daardie skatkamer van ewige en glorieryke rus waarna die skrywer van die brief aan die Hebreërs verwys (Heb. 4:4 tot 11).

Hierdie geskiedenis van Josef is in ons tyd besig om herhaal te word. Die hedendaagse Josefs is diegene wat die misleiding van die Christendom verlaat het en hulself aan die huis van Juda bekend maak deur die ware Name, die shabbat, die feestye en die Torah van YHVH soos dit in Yeshua vervul is.

Soos Josef van ouds kan die hedendaagse Josefs die Brood van die Lewe aan die huis van Juda aanbied wat tans 'n geestelike hongersnood het.

Yeshua sê vir hulle: " אנא אנא *- Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die Brood van Lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger wees nie en wie in My vertrou, sal nooit dors wees nie, tot in ewigheid.* Joh. 6:35.

Dit is Josef wat die waarheid van Yeshua Die Gesalfde Een aan sy broers bekend moet maak!

Bepeins of Bespreek

1. Dit is die algemene siening van die Messiaanse Beweging dat dit die huis van Efriam (Josef) is wat by die huis van Juda (Rabbynse Judaïsme) moet gaan leer. Hoe kan ons gaan leer by diegene wat Yeshua as Messias verwerp? Yeshua het juis sy volgelinge gewaarsku teen die suurdeeg van die Fariseërs (Matt. 6:12)! Voor wie buig jy en by wie se voete sit jy om te leer van YHVH Yeshua? Wie is jou Rabbi – jou Leermeester? Hierdie word meer volledig bespreek in die artikel "Wie Is Jou Rabbi" wat afgelaai kan word by: Okt15Leermeester**.**

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.